# Eldo-Gespreksgids

Matt. 13

Ons het die week met 'n nuwe preekreeks begin: :Stories wat lewens verander." In hierdie preekreeks gaan ons bietjie stilstaan by van die gelykenisse wat Jesus vertel. Hierdie stories geskryf deur die Verlosser self. Die week het ons gaan kyk na die Gelykenis van die Saaier in **Matteus 13:1-9, 18-23.** Nou om die gelykenis te verstaan, moet ons eers besef dat die Saaier hier na Jesus verwys. Hy is die een wat die saad saai. En die saad wat Jesus saai verwys na die Evangelie. Met ander woorde, die Goeie Nuus. Die boodskap wat Jesus aan ons verkondig en wat ons aan die wêreld moet verkondig: Jesus Christus is die Heer en Verlosser. Maar wat nou van die 4 tipes grond waarop dit val? Dit is 'n metafoor vir die ontvanklikheid van God se woord. Met ander woorde, hoe gewillig of oop 'n mens is om die Evangelie te hoor en te aanvaar. En soos ons sien, is dit ongelukkig nie altyd goeie omstandighede waaruit hierdie saadjie groei nie.

Met die eerste saadjie is daar voëls wat kom en dit eet voor dit eers nog kans het om te groei. En hierdie voëls is dan nou 'n metafoor vir die Bose. Dit wat die mens keer om God se woord ten harte teen neem. Dit wat mense eintlik totaal en al van Christenskap wegdryf. En ongelukkig is dit nie altyd hulle skuld dat hulle so is nie. Baie keer is dit ander Christenne wat hulle wegdryf. Mense wat sê hulle is 'n Christen, maar wie se aksies dit glad nie wys nie. Daarom is hierdie gedeelte eintlik 'n oproep. 'n Oproep om op te let na ons gedrag as Christene teenoor die mense rondom ons. Die tweede is die saad wat tussen die klippe geval het en toe deur die son verskroei was. Hierdie is die mense wat bekeer het en Christene geword het, maar sodra die lewe moeilik geraak het, opgegee en opgehou het om 'n Christen te wees. Ongelukkig is dit so dat, al is ons Christenne, ons nog steeds struikelblokke en seer in die lewe sal ervaar. Maar God beloof om by ons te wees, en saam met ons deur hierdie moeilike tyd te gaan. Hy sal ons krag en vrede gee, ons moet net aanhou om op Hom te vertrou. Die derde is die saad wat tussen die bossies en dorings geval het. Hierdie saad het gegroei, maar is op die ou end deur die bossies oorgeneem. Hierdie bossies, verduidelik Jesus, is die verleidings van die wêreld – en daar is baie daarvan! Daar is goed soos geld, gierigheid, wraak, woede, selfsugtigheid - dit wat nie eintlik liefde aan my medemens, myself, of God wys nie. Hierdie aardse dinge wat ons weglei van God af. Aardse dinge wat ons laat verstik en wat belangriker word as God en ons verhouding met Hom. En daarom vra hierdie gedeelte vir ons om te pasop vir hierdie dorings en bossies van die wêreld. Om op te pas dat ons nie vergeet dat aardse dinge net tydelik is nie, en dat ons ons oë liewers op God moet hou nie. Hy is die een wat prioriteit in ons lewe moet neem!

En dit bring ons dan na die vierde en laaste saadjie wat op die goeie grond geval het. Dit het gegroei en tot 100 maal se vrug gedra. Hierdie is die saad waar 'n persoon die evangelie hoor en dit ten harte neem. Die persoon wat so leef, dat ander se oë oopgaan vir daai saadjie wat God binne hulle geplant het. So, laat ons streef om so ontvanklik te wees vir God se Woord, en groei daar waar Hy ons geplant het.

## Gespreksvrae

1. Hoe kan ons ander mense wat deur Christenskap seergemaak is, reghelp?
2. Watse aardse verleidings is daar wat ons van Christenskap kan weglei of ons verhouding met God seermaak?
3. Hoe lyk goeie grond – grond wat (100-voudig) se vrug dra?
4. Ons het almal al gesien hoe bome tussen rotse groei of blomme 'n plekkie tussen die teer kry om te blom; wat sal die waarde van so 'n beeld wees in die metafoor van die saaier?

**Bonus (persoonlike?) vraag**: In watse grond dink jy is jy geplant? Groei jy tans in jou lewe op die pad, onder die klippe, tussen die bossies, of in die goeie grond?

30/08/2026

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak